

Die ark – simbool van God se verbondsteenwoordigheid

In die ou tyd is 'n verbondsakte in duplikaat uitgemaak tydens 'n verbondsluiting. Belangrike verbondsaktes is dikwels op klip verewig. So is die verbondsakte tussen God en sy volk deur God self in duplikaat op kliptablette gegraveer. Hierdie verbondsakte is daarna in 'n kas wat spesiaal daarvoor vervaardig is en ryklik met goud versier is, gebêre.

Dit staan by ons bekend as die ark as gevolg van die waardevolle inhoud daarvan. As houër van die verbondsakte het die ark vir Israel simbool geword van die verbondsteenwoordigheid van die almagtige God. Daarom is die ark in die allerheiligste deel van die heiligdom gebêre. Dit is slegs wanneer hulle op reis was en soms ten tyde van oorlog voor die volk uitgedra as teken dat die Verbondsgod self sy volk lei. Verder het God van bo die ark met Moses gepraat en op die Groot Versoendag moes die versoeningsbloed op die ark gespreinkel word.

Die ark het egter geen krag in sigself gehad nie. Die volk sou later in tye van verbondsbreuk en ontrou tot hulle skade leer dat die ark geen “wondermasjien” is nie. Dit is die Verbondsgod self wat wonders werk, nie die houër waarin die verbondsakte is nie.

Hierdie beginsel is net so van toepassing op die verbondstekens van die nuwe verbond. Die sakramente het geen krag in sigself nie. Dit is God wat verlos – nie brood, wyn of doopwater nie.

Sing: Psalm 89:1, 6

Ds. HB Hattingh (Amanzimtoti)